**GENEALOGIESE INSTITUUT VAN SUID-AFRIKA**
**GENEALOGICAL INSTITUTE OF SOUTH AFRICA**
**Geaffilieerd by die / Affiliated to the Genealogical Society of Utah**

Banghoekweg 115, Stellenbosch 7600 / P.O. Box 3033, Matieland 7602
Tel 27- (0)21 887 5070 / Fax 27- (0)21 887 5031 / E - mail: gisa@sun.ac.za
Website / Tuisblad http://www.gisa.org.za

SONDER BENADELING VAN REGTE

27 Desember 2006

Mnr Jan van Rooy
Posbus 12120
DIE HOEWES
0163

Geagte mnr Van Rooy

**OUTEURSREGTE: *DIE FAMILIE VAN ROOY IN SUID-AFRIKA***

Tydens die afgelope Raadsvergadering van die Instituut gehou op Vrydag 24 November 2006 is die hele kwessie rondom die verwarring veroorsaak deur HSRC Press wat GISA se outeursregte wederregtelik uitgedeel het, onder die loep geneem. In die lig van die ongelukkige gebeure t.o.v. die outeursregte van *Die Familie Van Rooy in Suid-Afrika* het die Raad soos volg besluit:

(1) Toestemming word aan u verleen om voort te gaan met die plasing van die inhoudelike van die Van Rooy-boek op die internet op voorwaarde dat GISA as outeursreghouer erken word.
(2) Hierdie erkenning moet (a) **opvallend** op die webwerf vertoon word sodat alle besoekers aan u webwerf daarvan kennis neem (b) verduidelik dat die inhoudelike van die Van Rooy-boek met GISA se **toestemming** geskied, (c) verklaar dat die **outeursreg** van die betrokke publikasie nog steeds by GISA berus en (d) die outeursreg ook aangedui word op die eerste binnebladsy van die **PDF formaat aflaaibare boek**, met die standard bewoording
"© Kopiereg : Genealogiese Instituut van Suid-Afrika (GISA)
Alle regte voorbehou"
(3) GISA ontvang graag twee gratis eksemplare van *Die Familie Van Rooy in Suid-Afrika* vir bewaring in die Instituut se biblioteek, soos deur u voorgestel.

Byvoorbaat dankie vir u samewerking

Die uwe

L.C.P. Endemann
Hoofnavorser: GISA

**RAAD/ BOARD: Voors.: Mnr. R.S. de la Bat, Onder-voors.: Prof. H.C. Viljoen, Prof. G. de Kock, Dr M. Burden, Mnr J.J. van Rensburg, Mevv. B. van der Merwe, J. Malherbe, I. Krauss en Hoofnavorser/ Head of Research: Leon Endemann**